

**27 November**

**Genesis 12:1-9**

(Teks: 12:4a en 6a)

### ***Geloofsvolharding***

Abraham is die vader van die gelowiges. Hy het God se Woord aangeneem en Hom gehoorsaam.

Ons lees dat hy wegtrek sonder om te weet waar hy sou kom! Hy gehoorsaam Gods bevel. Maar gehoorsaamheid moet óók uitloop op geloofsvolharding.

Nou was daar faktore wat Abraham se volharding bemoelijk het. Eerstens was die afstand wat hy moes aflê 'n ontsaglike onderneming. As Kanaän één dagreis ver was of twee, kon die man byvoorbeeld sy dierbares gereeld besoek, maar honderde kilometers weg is 'n perd van 'n ander kleur.

'n Tweede saak wat die volharding nie maklik gemaak het nie was God se swye. Ons lees nie dat Hy één keer op pad tot Abraham gespreek het nie! Slegs die belofte en die eis aan die begin. Daarmee moet Abraham verder. En dit staan vas: Die groot versoeker het hom seker nie met rus gelaat nie. Hoekom só ver? Waarom bemoedig Hy jou nie op pad nie?

Maar die belofte is genoeg om reg om die wêreld te trek! Hy trek volhardend voort totdat hy Kanaän bereik en selfs toe het hy nog nie geweet waarheen die Here hom sou lei nie.

Hy trek maar deur tot by Sigem.

Volharding!

Ja, die vader van die gelowiges. Dog hoe raak dit die gelowige van vandag?

Daar is geen wesenlike verskil tussen Abraham en die gelowige vandag nie. God beloof die ewige Kanaän wat Abraham uit die verte gesien het. En God sê: Glo dit, in Christus is my belofte ja en amen. Gaan op die weg van gehoorsaamheid en volharding. Jy het my volle Woord en die Heilige Gees wat jou krag gee om aan te hou. Hardloop die wedloop en lê elke sondelas af. Onthou, jy is op pad na Kanaän; hou daarom jou oë gevestig op Christus, die voleinder van die geloof. Wie volhard tot die einde toe, sal gered word.

Sing Psalm 119:11

Ds. H.M. Grobler (Potchefstroom-Oos)